RAPPORT (Gauteng)
Sunday, 27 April 2008, p. 8

Vat ma ballet toe

MARETHA BOTES
Johannesburg

Dis nie aldag dat vroue die geleentheid kry om Moedersdag by die ballet te vier nie.

Die Suid-Afrikaanse Balletteater (SABT) hou op Saterdag 10 Mei van 10:00 tot 12:00 'n ope dag by hul ateljees in Braamfontein om dié spesiale dag te vier.

Gaste sal die geleentheid kry om 'n verkorte opwarmingsklas by te woon, waarna uittreksels uit *Autumn Enchantment* sowel as *Don Quixote* opgevoer sal word. Aandenkings van die SABT sal ook te koop wees.

Kaartjies kos R50 per persoon wat koek en tee sowel as 'n verrassing vir die vroue insluit.

Besprekings is noodsaaklik en kan gedoen word deur Edgar Moagi te bel by ☎ 011-877-6898.

Burnise Silvius as Kitri en Andries Weidemann as Basilio in *Don Quixote*, opgevoer deur die Suid-Afrikaanse Balletteater. Foto: SUSANNE HOLBAECK-BERGH